



Verwysing: 20210202-762
Lêerno.: 12/2/11/15
Navrae: Dr. G Schreuder

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0002/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Vakadviseurs en Prinsipale van sekondêre skole

Onderwerp: Ondersteuning vir Verdere Onderwys en Opleiding (VOO)-leerders in 2021 via die Telematiese Skoolprojek

1. Vanaf Februarie tot November 2021, bied die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) lesse aan via 'n interaktiewe platform (lesse word via satelliet- en videostroomtegnologie uitgesaai).
2. Die afgelope paar jaar het hierdie lesse hoofsaaklik op graad 12-leerders gefokus, en 'n waardevolle en omvangryke databasis was vir sommige vakke opgestel wat veral die graad 12-inhoud dek.
3. In 2021 sal die fokus op Graad 10, 11 en 12 wees. **Bylae A** wat hierby aangeheg is verskaf die uitsaairooster wat die vak, graad, onderwerp en tye duidelik uiteensit.
4. Aangesien die rooster verskeie vakke en verskillende grade bevat, is dit belangrik dat onderwysers en leerders die rooster noukeurig volg.
5. Die aanbieders is onderwysers wat volgens hul kundigheid in hulle vakke gekies word. Die aanbieders en senior kurrikulumbepanners werk nou saam aan die ontwerp en gehalteversekering van alle lesse wat op hierdie platform uitgesaai word.
6. Aangesien uitsendings gedurende die week en ná skoolure uitgesaai word, is dit belangrik dat prinsipale die reëlings met hul beheerliggame en die ouers van die leerders bespreek.
7. Daar sal van Prinsipale verwag word om kwartaalliks verslag te lewer oor leerderbywoning, asook die geslaagdheid van die program of probleme wat daarmee ondervind word.

8. Leerderbywoning sal gereeld deur Hoofkantoor en distriksamptenare gemonitor word.
9. Telematiese Skoolprojek se webwerf:
 - 9.1 Die Telematiese Skoolprojek se webwerf: schools.sun.ac.za, bevat alle inligting oor hierdie projek, ingeslote die uitsaairooster, video's van vorige uitsendings, leermateriaal vir leerders, ens.
 - 9.2 Die webwerf is gratis en dus is toegang tot al die bronne toeganklik en bekostigbaar.
 - 9.3 Prinsipale word aangemoedig om seker te maak dat alle graad 10 tot 12 leerders op hierdie webwerf registreer. Dit sal hulle help om toegang tot die lesse via regstreekse videostroming, of met gemak via die gratis webwerf te verkry.
 - 9.4 Leerders moet 'n persoonlike gebruikersnaam en wagwoord aanvra deur hul naam, van, e-posadres en skool se naam aan school@sun.ac.za te stuur, of die registrasievorm op die webwerf te voltooi.
 - 9.5 Opleidingsvideo: Die volgende skakel bied toegang tot 'n opleidingsvideo <https://drive.google.com/drive/folders/17F3BJ5uSLkcyZFNm5p7omkUDobfjcyu4>. Hierdie video bied waardevolle inligting oor die Telematiese Skoolprojek en riglyne oor hoe om vir hierdie waardevolle ondersteuningsinisiatief te registreer en toegang daartoe te verkry. Prinsipale wat opleiding in webwerwe benodig, kan 'n e-pos stuur aan zsuliman@sun.ac.za.
10. Leerderboekies:
 - 10.1 Leerderboekies is volgens elke vak wat uitgesaai sal word saamgestel.
 - 10.2 Skole wat via die satellietuitsending (**Bylae B**) aan die program deelneem, se boekies sal gedruk word. Die skole wat in Bylae B verskyn, moet met die distrik se VOO-koördineerder reël wanneer die boekies beskikbaar sal wees en dan reëlings tref om dit te gaan afhaal.
 - 10.3 Alle ander skole kan toegang tot die boekies verkry via die webwerf: schools.sun.ac.za.
11. Skole wat nog nie geregistreer het om toegang tot die regstreekse videostroming te verkry nie, kan dit soos volg doen; skakel die hulptonbank by tel. 021 808 9507 of 021 808 4129, stuur 'n e-pos aan school@sun.ac.za, of stuur 'n Facebook-boodskap na die Telematiese Skoolprojek se Facebook-blad.

12. Algemene navrae betreffende gebruikersname, beskikbare lesse, hoe om die webwerf te gebruik, die uitsaairooster en tye van uitsendings kan aan school@sun.ac.za gerig word.
13. Onderwysers word aangemoedig om die lesse te gebruik of die tersaaklike lesse wat op die webwerf beskikbaar is, te bevorder. Skakels om toegang tot die lesse te verkry is ook op die WKOD se e-Portaal.
14. Wysigings aan die uitsaairooster sal vroegtydig aan skole gekommunikeer word. As skoolonderrig egter ontwrig word, sal die WKOD hierdie lesse en hersieningsprogramme weer gedurende daardie tydperk uitsaai. Sodanige uitsaairoosters sal beskikbaar wees op die WKOD se ePortaal, Facebook en die webwerf school@sun.ac.za.
15. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van die betrokke personeel, graad 10- tot 12-leerders en hul ouers of voogde te bring.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2021-02-10